### *Verdere uitleg deur Nathaniël*

**43** Hier is **die owerpriester**, sowel as die ander heeltemal oorbluf en sê na `n rukkie: “Ja, ja, nou verstaan ons dit. Maar hoekom het die Meester nie van die begin af so duidelik gepraat soos wat jy dit nou gedoen het nie? Dan sou ek sekerlik nie teenoor Hom gesondig het nie.”

[2] **Nathaniël** sê: “As `n sewejarige seuntjie dit vir my gevra het, sou ek nie verbaas gewees het nie, maar ek wonder hoe jy, een van die hoofwyses van hierdie plek, my so iets kon vra.

[3] Sal jy nie ook daarvan hou om die Meester te vra waarom hy in die saadkorrel die eindelose ontwikkelingspotensiaal geplaas het van die boom wat daaruit sal voortkom nie? Waarom die tydsame ontwikkeling van `n boom vanaf `n saadkorrel en daarna die lang wag vir die ryp vrugte? Kyk net hoe dwaas is julle nog steeds!

[4] Die Meester se woord en lering is soos al Sy werke. Hy gee vir ons Sy lering in saaddoppe. Dit moet ons eerstens saai in die grond (adamah) van ons gees, waar hierdie grond genoem word LIEFDE. Dan sal die saad uitspruit en groei tot `n boom van ware kennis van Elohim en onsself, en van hierdie boom sal ons binne afsienbare tyd volledige ryp vrugte kan pluk vir die Ewige Lewe.

[5] **LIEFDE IS DIE VERNAAMSTE DING**; sonder Haar kan geen vrugte van die gees bestaan nie. Saai die koring in die lug en kyk of dit sal groei en vrugte dra vir jou, maar as jy die koringkorrel in goeie grond plaas, sal hy groei en veelvoudig vrug dra. Die regte liefde egter, is behoorlike grond vir die geestelike korrel saad wat ons ontvang vanaf die Meester se Mond.

[6] Dit is om hierdie rede dat die Meester nou vir almal van julle **die streng Mosaïese strafwet opgehef het,** sodat julle gouer ryker kan word in goeie grond in julle harte. Want hy wat volgens die wet straf, het min of dikwels geen liefde nie en die goddelike woord-saad sal daarom slegs swak in hom ontwikkel. Die een wat gestraf word, is in elk geval in die oordeel waarin daar geen Liefde is nie, aangesien oordeel die dood van liefde is.

[7] Daarom is dit beter dat jy nie onmiddellik jou medemens se foute raaksien nie, maar om **verdraagsaam en lankmoedig te wees.** En as hulle in hul swakheid iets van jou vra, mag jy dit nie van hulle weerhou nie, sodat liefde aanhoudend in julleself kan bly groei en ook in julle swak broers. Wanneer dit eers in oorvloed in julle sowel as in julle broers teenwoordig is, dan sal die goddelike saad binne jou floreer en die swakke sal dan in sy sterkte met goeie bedoelinge opsien na jou en jou oor en oor beloon vir wat jy aan hom gedoen het terwyl hy swak was.

[8] Maar as jy suinig en hard is ten opsigte van jou swak broers, sal julle nooit goddelike vrugte in julleself bereik nie en **die oordeel van die swakkes sal uiteindelik ook vir julle in die vernietiging insleep**.

[9] Toe die Meester gesê het: Gee aan die een wat jou vir jou hemp vra, ook jou jas, het Hy slegs bedoel om aan te toon dat julle wat ryk is en baie besittings het, **oorvloedig aan die armes moet gee wanneer hulle na julle toe kom**. Daarmee sal julle ook baie meer grond in julle harte bekom en so geseën word met die besit van sulke ware grond (adamah), en die armes sal julle waarlik seën, want van julle harte sou hulle die mees effektiewe preek ontvang het van Elohim se ware Boodskap en hulle sal daardeur sterk word vir julle eie ewige ondersteuning. Maar as julle vrekkerig gee en bereken wanneer en hoeveel om te gee, sal julle nóg julleself, nóg die arm broers help, en as gevolg daarvan sal hulle nooit `n ondersteuning vir julle word nie.”

### *Die simboliese betekenis van die oë, arms en voete*

**44** **Die owerpriester** wat met baie aandag na hierdie toespraak geluister het, sê: “Alles is nou in orde en ek dink dat ek dit nou baie goed verstaan. Daar is net een ding wat ek wil noem. Die Meester praat eintlik net daarvan om die regteroog uit te ruk en om die regterhand af te kap. In my soekende ywer het ek ook die voete bygesit, maar kyk, jy het nou ook die afsny van die voete verduidelik net soos wat jy die oog en die hand verduidelik het, waarvan die Meester slegs gepraat het sover as wat ek weet. Jy het gesê dat daar slegs aansluiting kan wees met die Woord van JaHWeH, Wie slegs met `n mens se gees praat. Hoekom het jy dan aansluiting gevind met my byvoeging?”

[2] **Nathaniël** sê: “Jy is verkeerd. Die Meester het ook gepraat van die regtervoet, maar Hy het vir die skrywers aangedui om dit wat met betrekking tot die voet staan, uit te laat, want diegene wat hul innerlike visie hemelwaarts gerig het, het hul liefdeswil geaktiveer – wat ooreenstem met die linkerarm as die hand van die hart – in ooreenstemming met Elohim se Wil nadat ontslae geraak is van die regterarm of die regterhand – **waarby die suiwer wêreldse motivering verstaan moet word** – dit is nie meer nodig dat hulle ontslae moet raak van die regtervoet nie. Wanneer die oog eers eenmaal in die regte Lig is en die hand, of eerder die wil, korrek

optree, dan is die vordering na die gebiede van Ewige Lewe outomaties daar oftewel die regtervoet, wat wêreldse vordering aandui, alreeds outomaties afgekap en `n spesiale poging word dus nie meer benodig nie.

[3] Julle Samaritane kan net sowel begin met die voet, want alhoewel julle sig nou gerig is op die geestelike en julle hande besig is met die regte aksie, **is julle voet of julle gretigheid vir vordering nog gerig na die wêreld**. Julle verwag iets heeltemal anders van die Messias as wat julle van Hom moet verwag volgens die voorspellings deur al die profete, en dit is, geestelik gesien, julle regtervoet wat julle sal moet afkap, sodat julle kan uitgaan op die regte pad na die Koninkryk van Elohim. Slegs met betrekking tot julle het die Meester ook gepraat van die regtervoet, maar het dit nie laat opteken nie, want die toekomstige volgelinge van die Meester se lering sal baie goed weet waar en waarin die Koninkryk van die Messias is en waaruit dit bestaan en wat gedoen moet word om dit binne te gaan. Is daar enigiets anders wat jy graag wil weet?"

[4] **Die owerpriester** sê: Nou is alles duidelik vir my sover as wat ek dit kan begryp, maar nieteenstaande die feit dat ek dit nou verstaan, moet ek byvoeg dat U lering, op die manier wat dit gegee is, streng en moeilik is om te verstaan en U sal vind dat baie aanstoot sal neem daaroor.

[5] Nie dat dit my begeerte is om `n slegte profeet van U te maak nie, maar ek vertel U dat U nie met die arrogante Judeërs sal bereik wat U met ons bereik het nie, nieteenstaande ons onnoselheid op vele vlakke. Ons glo nou, alhoewel steeds asof in `n droom. Die vooraanstaande Judeërs egter, sal U nie so glo nie. Hulle sal vra vir tekens en mag U uiteindelik selfs vervolg as gevolg van hierdie tekens. Ons het U nie gevra vir tekens nie, maar U het nietemin vrywillig tekens gedoen.

[6] Ons glo U nie terwille van die tekens nie, wat gedeeltelik ook deur die mens gedoen kan word, maar suiwer oor die lering, aangesien dit nou aan ons verduidelik is. Daarom moet U by ons bly, want met die trotse Judeërs en Grieke sal U min sukses hê."